Agelanthus discolor (voorheen Tapinanthus discolor)

tweekleurige blomme, daarvandeen die naam discolor

daar was dit vas aan die gasheerplant

Vruggies - as jy daarop druk, glip die pit uit en 'n leë rooi sakkie

Ongelukkig kon ek nie baie inligting oor die halfparasiet opspoor nie. Die Switserse botanis Hans Schinz het al in die neentiende eeu, dws. voor 1900, hierdie plant opgemerk en beskryf tydens sy navorsingsekspedisie deur Duits-Suidwes Afrika. Ander aantekeninge het ek nie daaroor gekry nie, maar wel van sestien ander Agelanthus spesies in sentrale Afrika.
Verlede jaar in Oktober het ek dit vir die eerste keer opgemerk op die perseel van Hochfeld vendusiekrale. Van ver lyk dit baie na Tapinanthus oleifolius (ook op die perseel teenwoordig), maar die blomme staan baie digter langsmekaar en is van naby beskou tweekleurig.

so sit dit in die witgatboom

Tussen Okahandja en Hochfeld aan weerskante van die C31 kan ons hulle sien; daar is **baie** witgatbome (Boscia albitrunca) wat hierdie semiparasiet huisves. Agelanthus discolor is tans in volle blom en kan dus maklik raakgesien word. Baie van die bome met hierdie permanente "gas" lyk dan ook nie so groen en gesond soos diegene sonder "gas" nie. Die Agelanthus discolor brei nogal groot uit en sit graag bo in die boom. Ek het dit nog nie op 'n ander boomspesie as Boscia albitrunca gesien nie.
Die ander twee semiparasitiese plante op die perseel is Plicosepalus undulatus wat akasias as gasheer verkies (Plantstories No 12) en Tapinanthus oleifolius (Plantstories No 10) wat in enige boom sal floreer.

Die ander twee semiparasitiese plante op die perseel is Plicosepalus undulatus wat akasias as gasheer verkies (Plantstories No 12) en Tapinanthus oleifolius (Plantstories No 10) wat in enige boom sal floreer.

bloeisels van drie verskillende semiparasiete....

So 'n verbinding tussen twee verskillende plantspesies laat by my die vraag opkom, of hulle altwee van mekaar baat en as ja, dan hoe? Of die voordeel net eensydig en gevolglik uitbuiting is.

Inligtingsbronne:
Google/ Basler Afrika Bibliografien / Bruchstücke/
Forschungsreisen in Deutsch-Südwestafrika von Hans Schinz
Alex Dreyer (**dankie!)**
Teks en fotos: Anka Eichhoff

November 2016